Bruilof van die Lam

Kom gelowiges kom saam
na die bruilof van die Lam
Daar kan jy van smart vergeet
Kom trek aan jou bruilofskleed
God het sélf die fees berei
vir elkeen wat sy Seun bely

Kom gelowiges kom nou saam
na die bruilof van die Lam
bruilof van die Lam
bruilof van die Lam
na die bruilof van die Lam

Ek weet U roep my

Ek ken U nie maar ek weet U roep my
met `n sagte stem wat ek kan hoor
My lewe is leeg en sonder rigting
Deur self probeer het ek verloor
Daarom kom lê ek alles hier by U voete
Ek bring die mens wat hier binne-in my huil
Want deur my sonde Heer is ek verlore
Totaal sonder hoop
Ek weet ek is vuil

Maar in U o Heer vind ek genade
U het die volle pad vir my geloop
U alleen is die Weg, die Waarheid die Lewe
Die enigste Deur na lewe en hoop
Want deur U dood aan die kruis is ek vergewe
en deur U bloed kom was U my skoon
Daarom kom gee ek U my hele lewe
Ek vra U nou om in my te woon

Dankie Here - U is nou my Koning

God se besluit

Ek voel soveel vrede. By my God is ek vry
Ek staan in oorwinning met sy Woord hier in my
Want ek leef in die wete : `Hy het alles betaal'
En ek glo aan die einde kom die Here Jesus my haal
En ek loof Hom ek eer Hom
Ek kniel in gebed voor Hom neer
Ek sing en ek lag en ek jubel en ek dans voor die Heer
Ag ek kan dit nie keer nie dit borrel en dit bruis uit my uit
Want die vrede hier binne is vrye genade
`n Geskenk - dit was God se besluit

Ja ek kan dit nie keer nie dit borrel en dit bruis uit my uit
Want die vrede hier binne is vrye genade
`n Geskenk - dit was God se besluit

Dalk soek jy ook vrede. Jy vra dalk waarheen ?
Want jy weet in jou wêreld staan jy heeltemaal alleen
My vriend daar is Iemand om jou hand vas te hou
Jy kan ook vry wees in Jesus met Sy blydskap in jou
Ek nooi jou kom eer Hom
Kom kniel in gebed voor Hom neer
Kom sing en lag en jubel en dans voor die Heer
Ag jy kan dit nie keer nie dit borrel en dit bruis uit jou uit
Want die vrede daar in jou is vrye genade
`n Geskenk dit was God se besluit

Ja ons kan dit nie keer nie dit borrel en dit bruis uit ons uit
Want die vrede hier binne is vrye genade
`n Geskenk - God se besluit

As Hy weer kom

As Hy weer kom as Hy weer kom, kom haal Hy sy pêrels
al sy pêrels mooie pêrels - die juweeltjies vir sy kroon
Al die kindergesiggies is die Here se liggies
en ons skyn in die wêreld omdat Hy in ons woon

Hy is lief vir jou Hy is lief vir my want Hy sê ons is sy pêrels
En ek glo in Hom ek is lief vir Hom - ek hou my lewe skoon
Al die kindergesiggies is die Here se liggies
en ons skyn in die wêreld want Jesus vra ons so

Ja Hy sê self die hemel is gemaak net vir kinders
as ons wil saamgaan as Hy weer kom
moet ons nét soos hulle glo

Net soos die kindergesiggies die Here se liggies
moet ons skyn in die wêreld omdat Jesus in ons woon
Ons kindergesiggies is die Here se liggies
Ons moet skyn in die wêreld omdat Jesus in ons woon

Penniewhisselspeler

Sy naam is Sipho ’Jabula’ Mafeke
Hy's die een wat by die beeste bly
En elke môre met die rooidag loop hy met sy penniefluitjie
saam met die beeste by die kraal verby
Ek bly alleen in die veld maar ek is nie bang nie
Ek kruip weg by die Veilige Gees
Ja ek ken die Modimo ek weet Hy is by my
So het my ouma vir my uit haar Bybel gelees
En Hy help my en Hy leer my
Hy wys my voete waar die veldpaadjie gaan
En Hy leer my en Hy wys my
om kierie teen die duiwel te slaan

Halleluja, Halleluja, 'Alleluja Nkosi Jesu (3x)

Ek weet presies hoe dit werk sê Sipho Mafeke:
Net soos ek by my pa se beeste bly
is die Here Jesus die Herder van Modimo se skape
Hy bly elke dag by my
Ek weet ek is klein ek is net `n Umfana
maar ek gaan eendag koning wees
Ek weet ek is nou al in Modimo se Impi
Want Hy maak my net so sterk soos `n bees
En Hy vra my en Hy help my
om sy liefde met my mense te deel
Ja Hy wys my en Hy leer my
om penniewhissel vir sy `glory' te speel

En net soos ek was Morena Dawid
ook `n penniewhisselspeler gewees
Maar in sy hart was klein Dawid
klaar `n koning deur Modimo se Gees

Praise the Three in One

Kneel before the Father. Come worship the Son
Submit to the Spirit. Our God is Three in One
Look up to the heavens. In the spirit you'll see
the glory of Jesus shining radiantly

God sent His only Son. In a manger He lay
and as He grew Jesus showed us the way
How the lame can walk. How the blind can see
How the dead can be raised miraculously

But then with nails in His hands at last He cried "It is done"
The battle of life over death was won
And He rose from the dead to the Father on high
where He reigns and He pleads that no man should die

So come worship the Father. Praise his merciful Son
Submit to the Spirit. Exalt the Three in One

And we sing `Hallelujah'. We hail our wonderful King
We burn the incense of love. That's the praise we bring

And we shout `Hosanna' to the Holy One
We bring praise from our hearts to Father, Spirit and Son

Maria vir jou

Maria vir jou was die seer soveel dieper
Die rou in jou hart het ver meer geëis
want so min van ons ken die pyn van `n ma
waar sy staan voor haar seun wreed vermink aan `n kruis

Maria vir jou was die straf soveel groter
toe jy opkyk in Sy oë en jy sien hoe Hy ly
en jy staan verslae. Jy bid stil deur jou trane
Want eers baie lank daarna was Sy lyding verby

Maar Maria ook vir jou het die bloed uit sy wonde
genesing gebring Al jou sonde betaal
Want al was jy sy ma was jy as mens ook verlore
Maar nou kan jy weet Hy gaan jou ook kom haal

Ja Maria vir jou wag daar ewige vreugde
Losgekoop uit jou smart deur die bloed van jou Seun
en daar's `n groot bruilofsmaal in die hemel berei
Daar's jy en Jesus jou Here vir ewig weer een

Daar's `n groot bruilofsmaal in die hemel berei
Daar's jy by Jesus jou Here en vir ewig weer vry

Jesus kom weer terug

O hoe onbeskryflik groot is die genade van ons Heer
Met spykers aan `n kruis geslaan het Hy sy Seun laat sterf
Sodat ons die lewe tot in ewigheid onverdiend kan erf
dat ons die lewe tot in ewigheid onverdiend kan erf

En hoe onbeskryflik groot is die almag van ons Heer
Deur God verlaat, in die dood
het Hy die vyand se mag verslaan
en soos belowe, in `n wonderwerk na drie dae weer opgestaan
en soos belowe, in `n wonderwerk na drie dae weer opgestaan

En hoe onbeskryflik wonderlik is die belofte van ons Heer
Dat Hy ons met sy Gees sal doop dat ons ander sal kan leer
Sodat elkeen selfs in die verste land God se Naam kan eer
Sodat elkeen selfs in die verste land God se Naam kan eer

En hoe menslik onverstaanbaar was Sy hemelvaart gewees
Hoe eensaam en verlate toe ons Hom weg sien gaan
Maar hoe salig was die belofte toe die engele in wit daar staan
Ja hoe salig was die belofte toe die twee in wit daar staan

Want Jesus kom weer terug, Hy kom op die wolke
Hy't net gaan plek maak Hy kom ons haal
Ja Jesus kom weer terug, Hy kom op die wolke
Hy het belowe Hy kom ons haal

Ja Jesus kom weer terug, Hy kom op die wolke
Hy't net gaan plek maak daar bo by Hom
Ja Jesus kom weer terug, Hy kom op die wolke
Hy het belowe Hy sal weer kom Hy sal weer kom
Hy sal weer kom Hy sal weer kom

Ja en Hy sê self die hemel is gemaak net vir kinders
as ons wil saamgaan as Hy weer kom
moet ons nét soos kinders glo
Al die kindergesiggies is die Here se liggies
Ons moet skyn in die wêreld omdat Jesus weer kom

Aan die geringstes

Duisende klein hokkies van optelhout en sink
wat halflyf in die modder staan - rokerig en stink
Miljoene wat in lyding en ellende moet vergaan
en elke dag weer bakhand voor die rykes moet gaan staan

Wie gee ons die reg my vriend om God se seën te vra
as ons self nie eers bereid is om ons medemens te dra ?
Wie gee ons die reg tot klasverskil en rassehaat ?
Wat van die Geringstes van wie die Bybel praat ?

Duisende klein kindertjies wat honger is en koud
die seer van `n asbliklewe maak selfs die jongstes oud
Duisende gesinne wat haweloos moet dwaal
wat die eis van ons geldgierigheid net nie kan betaal

Wie gee ons die reg my vriend om op ander neer te kyk
terwyl ons vra "O Here, ons wil meer soos Jesus lyk"
Wie gee ons die reg tot die Fariseërgebed
terwyl die arm man op sy bors moet slaan en weet ...
Net genade red

Net een Man het die prys betaal
Hy't in ons plek kom staan
Ek en jy het self sy hande aan `n kruishout vasgeslaan
Besef dit nou my vriend - Hy't ons met God versoen
En Hy leef in die geringstes ... Wat het jy aan Hom gedoen ?

Besef dit nou my vriend - Hy't ons met God versoen
en Hy leef in die geringstes
Wat het jy aan Hom gedoen ?

Sal U my stuur ?

Ek wil kom stil word hier by U voete
Ek wil kom hoor wat U sal sê
Ek wil kom oopmaak vir U Gees Heer
as ek my vrae voor U kom lê
Want soveel mense sterf sonder Jesus
Daar's soveel misleiding na die ewige dood
Daar's soveel oorvloed, selfsug en rykdom
terwyl ander ly in hongersnood

Ek wil dit uitskreeu: `Wat van die kinders'
wat die honger en lyding glad nie verstaan ?
Wat van die mense wat stukkend en seer is ?
Wat van die oumens wat eensaam vergaan ?
En as ek dan vra Heer : `Waar is U liefde ?'
Dan moet ek erken Heer dit lê nog by my
Want in my selfsug leef ek my lewe
en stap selfvoldaan by die nood verby

Maak my `n beeld van Jesus se liefde
om in my wêreld U hande te wees
Ek gee myself as `n lewende offer
My lewe beheer deur die Heilige Gees
Hier staan ek voor U net soos Jesaja
dat U my sal aanraak met U heilige vuur
Sodat ek oral U liefde kan uitdra
Hier is ek Heer. Sal U my stuur ?
Hier is ek Heer. Sal U my stuur ?

Gebed vir eenheid

Laas nag sien ek in my drome `n helder visioen
Ek sien die beeld van Jesus in heerlikheid daar staan
En die glorie wat Hy uitstraal was onbeskryflik groot
en die loflied van `n engelkoor klink oral waar Hy gaan
Die loflied van `n engelkoor klink oral waar Hy gaan
Kom loof Hom kom prys Hom
Kniel voor die Here neer
O kom eer Hom Hy is die Koning - wat ewig sal regeer
O kom eer Hom Hy is Koning - wat ewig sal regeer

Maar terwyl ek my nog verwonder verander die toneel
Ek sien `n skare mense wat skreeuend om Hom staan
En elkeen wil Hom aanraak. Elkeen gryp sy deel
en toe almal later weg is was daar geen glorie meer
Sy kleed was vuil en bloedbevlek; Sy liggaam wreed verskeur
Dis ek my vriend dis jy my vriend
Dis ons wat sy liggaam so skeur
O want elke kerk gaan sy eie gang
Skeur sy liggaam middeldeur
O elkeen van ons gaan sy eie gang
Skeur sy liggaam middeldeur

Kom laat ons gaan stilstaan. My vriend kom vat my hand
Kom ons bid vir vrede en eenheid in ons land
Wil ons nie maar vergewe. Laat God alleen ons pad bepaal
Dat ons soos een kan saamstaan dat Hy ons kan kom haal
Skoon sonder vlek of rimpel as Jesus sy bruid kom haal
Kom loof Hom kom prys Hom
Kniel voor die Here neer
O kom eer Hom Hy is die Koning - wat ewig sal regeer
O kom eer Hom Hy is Koning - wat ewig sal regeer
Wat ewig sal regeer